Hoofstuk

8

ERASA

Uithourit Vereniging van Suid-Afrika

Veeartseny

HOOFSTUK 8: VEEARTSENY

REGISTER VAN WYSIGINGS – HOOFSTUK 8

Artikel	Onderwerp	Datum van wysiging
8.3.1.2.4	Perdegriep inentings deur verantwoordelike persoon	28 June 2014
8.3.2.2.5	Perdesiekte inentings deur verantwoordelike persoon	28 June 2014
8.3.1.2.4	Perdegriep inentings deur verantwoordelike persoon	3 November 2014
8.3.2.2.5	Perdesiekte inentings deur verantwoordeliek persoon	3 November 2014
8.3.1.2.5	Bewys van inenting – Perdegriep	26 Julie 2018
8.3.2.2.5	Bewys van inenting – Perdesiekte	26 Julie 2018
8.3.2.3.1	Verskuiwing van perde	26 Julie 2018
8.3.2.3.2	Verskuiwing van perde	26 Julie 2018
8.3.2.2.1.1	Perdesiekte inenting periodes	26 Julie 2018
8.3.2.2.1.2	Perdesiekte inenting wat oorskry periodes in 8.3.2.2.1.1	26 Julie 2018

HOOFSTUK 8

VEEARTSENY

Aanhangsel A: Verslag deur hoofveearts
B: Inentingsrekord (perde wat nog nie ’n paspoort het nie
C: Veeartskaarte
D: Bes voorbereide perd (hekstelsel)

8.1 Algemene beginsels
8.2 Ouderdom van perde
8.3 Immunisasie van perde
8.4 Veeartskaarte
8.5 Identifikasie van perde en paspoortkontrole by ritte
8.6 Veeartsondersoeke
8.7 Redes vir eliminering
8.8 Bes voorbereide perd
8.9 Genadedood

8.1 ALGEMENE BEGINSELS

8.1.1 ERASA is verantwoordelik vir die oorhoofse bedryf en bestuur van uithouritte in Suid Afrika. Dit sluit die verantwoordelikheid vir die welstand van die perde wat aan uithouritte deelneem in, en daarom is maat-reëls om die gesondheid en welstand van perde te beskerm 'n noodsaaklike deel van die uithouritreëls.

8.1.2 Dit is onwaarskynlik dat hierdie reëls voorsiening sal maak vir alles wat by 'n rit sou kon gebeur. Daarom word dit van die veeartspaneel wat by 'n rit diens doen verwag om, in noue samewerking met die betrokke ritmeester, in uitsonderlike gevalle besluite te neem wat, hoewel nie direk uit die reëls geneem, wel in ooreenstemming is met die gees waarin die Grondwet en Reëls van die ERASA geskryf is.

8.1.3 Veeartse moet ruiters adviseer rakende die gesondheidstatus van hul perde en moet vroeë waarskuwing en/of spesifieke advies gee rakende die bestuur en hantering van perde tydens ’n uithourit.

8.1.4 Dit is die verantwoordelikheid van die Hoofveearts wat by 'n rit diens doen om toe te sien dat Ritkomitees die Veeartseny Reëls by die betrokke rit streng toepas. Afwykings in hierdie verband moet deur die Hoofveearts in sy verslag aan die Raadsveearts gerapporteer word, wat dit dan sal ondersoek en, indien nodig, dit met die Uniebestuur van die Unie waarby die betrokke klub geaffilieer is, sal opneem. Indien die Raadsveearts van mening is dat dit ’n ernstige afwyking is kan dit direk na die Raad verwys word. 'n Herhaling van sulke afwykings van die reëls by ritte wat op 'n later stadium deur dieselfde klub aangebied word, moet aan die Raad gerapporteer word vir verdere optrede.

8.1.5 Die pligte van die Ritkomitee word in Hoofstuk 6 aangespreek. Klem word hier gelê daarop dat elke Ritkomitee moet toesien dat:

8.1.5.1 ’n Hoofveearts aangestel word.

8.1.5.1.1 Vir groot byeenkomste (insluitend Nasionale Kampioenskappe en alle ritte waar internasionale deelname verwag word) word die

Raadsveearts of sy (deur die Uithourit Veterinêre Belange-groep) aangewese verteenwoordiger as hoofveearts vir die rit aangestel.

8.1.5.1.2 Vir alle ander uithouritte behoort die betrokke Unieveearts by aanstelling van die hoofveearts geken te word.

8.1.5.2 'n Behandelingsarea (onder dak of in permanente skaduwee) beskikbaar is.

8.1.5.2.1 By alle ritte moet daar minstens een drukgang beskikbaar wees en behoort daar ook twee klein kampies of stalle waar perde wat onder behandeling of observasie is, aangehou kan word, beskikbaar te wees.

8.1.5.2.2 By ritbasisse waar daar gereeld ritte van 120km en langer aangebied word, behoort daar by die behandelingsarea minstens een stal met soliede wande (hetsy gemessel, beton of pale wat teenaan mekaar geplaas is), verkieslik bedek met ’n kussinglaag aan die binnekant, beskikbaar wees waarin ’n perd wat onder behandeling is, toegemaak kan word.

8.1.5.3 Stallering en/of voldoende plek waar ruiters self kampies kan oprig, beskikbaar is.

8.1.5.3.1 Stalle en/of kampies wat by die terrein van die rit beskikbaar gestel word, vooraf behoorlik skoongemaak en ontsmet word.

8.1.5.3.2 Daar moet goeie ventilasie wees.

8.1.5.3.3 By meerdagritte en groot ritbyeenkomste (waar perde al verskeie dae vooraf op die terrein sal aankom) moet daar voorsiening gemaak word vir die daaglikse wegry van gebruikte kooigoed en mis wat deur ruiters/helpers uit die stalle/kampies verwyder word.

8.1.5.3.4 Waar daar nie voldoende stalle en/of kampies deur die ritkomitee voorsien kan word nie, moet 'n spesifieke area voorberei word waar ruiters hul eie kampies kan opslaan.

8.1.5.4 Goeie kwaliteit drinkwater vir perde beskikbaar is.

8.1.5.5 Voldoende nooddienste beskikbaar is. Dit moet insluit (maar is nie beperk nie tot):

8.1.5.5.1 'n Perdevervoerwa met sleepvoertuig beskikbaar is om perde wat op die roete beseer word of probleme optel, te gaan haal.

8.1.5.5.2 'n Hoefsmid wat op die terrein van die rit beskikbaar is.

8.1.5.6 Aanvullend tot bostaande, moet die ritkomitee sorg dat die veeartsarea behoorlik afgebaken is (kyk Hoofstuk 2). Die hoofveearts moet ook tevrede wees dat:

8.1.5.6.1 Daar genoeg ruimte binne die veeartsarea is waar perde kan wag om ondersoek te word, sonder om ’n opeenhoping te veroorsaak wat tot beserings kan lei.

8.1.5.6.2 Die oppervlakte van die draf-area:

- Die veeartse in staat sal stel om ’n opinie te vorm oor die perd se beweging;
- Ferm, gelyk en skoon is;
- So is dat dit nie gedurende die rit oormatig sal agteruitgaan nie.

8.1.5.6.3 Die draflane veertig (40) meter lank is, met voldoende spasie aan die onderpunt van die lane sodat die perde maklik kan omdraai.

8.1.6 Hoofveearts. Die hoofveearts se pligte word in Hoofstuk 6 omskryf. Dis belangrik om daarop te let dat die hoofveearts die res van die veeartspaneel en die behandelingsveearts moet aanstel, of moet toesien dat hul aangestel word.

8.1.6.1 Die hoofveearts wat by ’n rit diens doen mag, na oorlegpleging met die ritkomitee, van spesifieke TPR (temperatuur, pols en respirasie) beamptes of veeartsenykunde studente of veeartseny verpleegstudente gebruik maak om perde se temperatuur, pols en respirasie namens die veeartspaneel te neem, onder voorwaarde dat enige afwyking dadelik onder ’n lid van die veeartspaneel se aandag gebring sal word.

8.1.6.2 Dit is belangrik om die effek van omgewingstemperatuur en lugvog by 'n rit in ag te neem aangesien dit die prestasie en welstand van die perde nadelig kan beïnvloed, veral wanneer kritieke waardes oorskry word. Ongelukkig is daar slegs beperkte inligting in die literatuur beskikbaar oor die kritieke waardes en die maatreëls wat onder ongunstige toestande getref moet word. Die hoofveearts moet met die ritmeester en ritkomitee oorleg pleeg indien hy/sy van mening is dat die omgewingstoestande van so ’n aard is dat die perde wat deelneem, in gevaar sal stel (kyk Hoofstuk 2).

8.1.6.3 Na elke ritbyeenkoms moet die hoofveearts wat by die rit diens gedoen het, 'n verslag indien. Hierdie verslag moet op in die voorgeskrewe formaat (kyk aanhangsel A) by die Ritkomitee ingedien word, wat dit dan by die ERASA sentrale kantoor moet indien.

8.1.7 Veeartse. Die pligte en verantwoordelikhede van veeartse by ritte word in Hoofstuk 6 uiteengesit, en dit word van alle veeartse wat by ritte diens doen verwag om dit deeglik te bestudeer. Dit word beklemtoon dat:

8.1.7.1 Die veeartspaneel absolute beheer het oor alle sake wat die perde se welstand en veiligheid raak.

8.1.7.2 Besluite wat deur die veeartspaneel geneem word is finaal, en daar kan nie appèl daarteen aangeteken word nie.

8.1.7.3 Veeartse mag:

8.1.7.3.1 Perde te enige tyd gedurende ’n ritbyeenkoms ondersoek, en na so ’n ondersoek ’n besluit rakende die perd se verdere deelname aan die rit of die geskiktheid van die perd om van die terrein verwyder te word, neem.

8.1.7.3.2 Monsters (enige vloeistof of weefsel) neem van ’n perd wat ingeskryf is om laboratorium-toetse te doen vir verbode middels.

8.1.7.3.3 ’n Nadoodse ondersoek uitvoer op enige perd wat ingeskryf was vir ’n rit wat onder die ERASA reëls aangebied word en wat gedurende die ritbyeenkoms dood is of, indien die verantwoordelike persoon bereid is om die kostes te dra, reël dat so ’n nadoodse ondersoek deur ’n veterinêre patoloog gedoen word.

8.1.7.3.4 In die geval van siekte of besering behandeling voorskryf en toepas indien dit, na die mening van die veearts, noodsaaklik is vir die perd se oorlewing. Sulke behandeling mag nie deur die ruiter/eienaar geweier word nie. Koste verbonde aan sulke behandeling is vir die ruiter/eienaar. Kyk ook hoofstuk 9.

8.1.8 'n Perd wat kliniese tekens toon wat verband hou met enige aansteeklike of oordraagbare siekte en/of in kontak was met enige perd(e) wat aan so 'n siekte lei en/of van 'n perseel kom waar daar perd(e) is wat aan so 'n siekte lei, mag nie aan ritbyeenkomste deelneem nie, en die verantwoordelike persoon moet toesien dat so 'n perd nie na 'n ritbyeenkoms geneem word nie. Dieselfde geld waar daar grondige redes is om te vermoed dat 'n perd so 'n siekte onder lede het, en die veeartspaneel wat by 'n rit diens doen het volmag om te weier dat so 'n perd die terrein van die rit betree, en/of om so 'n perd van die terrein van die rit te laat verwyder.

8.1.9 By enige rit moet alle perde wat uitgetree het, geëlimineer is, die trapleer gestop het en/of die rit voltooi het, gereeld deur die ruiter/verantwoordelike persoon gemonitor word. Die onus rus op die ruiter om enige tekens van ongesteldheid aan die behandelingsveearts te rapporteer. Nie nakoming van hierdie bepaling kan tot dissiplinêre optrede teen die ruiter lei.

8.1.10 Spesifieke reëls rakende perde wat aan uithouritte deelneem is in Hoofstuk 4 omskryf en word nie hier herhaal nie. Dit is noodsaaklik dat Hoofstuk 4 deeglik bestudeer word voordat Hoofstuk 8 deurgewerk word. Die volgende word in Hoofstuk 4 gedek:

- 4.1 Definisie van perde
- 4.2 Ouderdom van perde
- 4.3 Klassifikasie van perde
- 4.4 Paspoorte en registrasie van perde
- 4.5 Transponders (mikroskyfies)
- 4.6 Merk van perde
- 4.7 Toerusting van perde
- 4.8 Hoefbeslag
- 4.9 Gedrag van perde
- 4.10 Hingste en dragtige merries
- 4.11 Mishandeling van perde
- 4.12 Uitteken van perde
- 4.13 Dood van perde

8.2 OUDERDOM VAN PERDE

8.2.1 Reëls rakende die ouderdom van perde word in artikel 4.2 uiteengesit.

8.2.2 Die volgende riglyn kan gebruik word om die ouderdom van perde te bepaal.

8.2.2.1 4 Jaar: Die tweede stel snytande het almal gesny en daar is volle kontak (oor die hele wydte van die tand) tussen die bo- en ondertande van hierdie tweede stel.

		Die eerste en tweede stel snytande is permanente tande, terwyl die derde stel nog melktande is.

8.2.2.2 4½ Jaar: Die derde stel snytande het begin sny (dis voldoende as net een van die derde stel begin sny het).

		Die eerste en tweede stel snytande is permanente tande, en die derde stel snytande het begin sny.

8.2.2.3 5 Jaar: Die derde stel snytande het almal gesny, en daar is kontak tussen die voorste punte van die bo- en ondertande van hierdie derde stel.

		Al drie stelle snytande is permanente tande, en die voorste punte van die bo- en ondertande van die derde stel is nou in kontak

8.2.2.4 6 Jaar: Daar is vol kontak tussen die bo- en ondertande van die derde stel snytande.

		Al drie stelle snytande is permanente tande en die bo- en ondertande van die derde stel is nou in volle kontak.

8.3 IMMUNISASIE VAN PERDE

8.3.1 Perdegriep

8.3.1.1 Inleiding

8.3.1.1.1 Perdegriep is ’n hoogs besmetlike en aansteeklike virussiekte van perde. Daar is twee verskillende lyne van die virus, naamlik die Noord Amerikaanse en die Eurasiese lyne. Verskillende stamme van die virus kom binne hierdie lyne voor.

8.3.1.1.2 Perdegriep versprei baie vinnig van een perd na ’n ander. Dit word oorgedra deur besmette druppels wat deur perde opgehoes word, sowel as deur besmette toerusting (borsels, komberse, waterbakke, voerbakke, ens) en klere. Dit kan ook deur perde opgedoen word wat by gemeenskaplike waterbakke drink. Perde wys simptome binne een (1) tot vyf (5) dae nadat hulle besmet is.

8.3.1.1.3 Simptome is soortgelyk aan die van griep in mense en sluit in koors, neusuitloopsel, ’n droë hoes, depressie en aptytsverlies. Perde wat gedeeltelik immuun is kan die virus dra en versprei sonder om simptome te wys.

8.3.1.1.4 Perdegriep is ’n beheerde siekte en alle gevalle van perdegriep moet by die naaste staatsveearts aangemeld word.

8.3.1.1.5 Wanneer perde in kontak kom met perde wat met die virus besmet is sal hul ook besmet word en sal hul ook die virus versprei na ander perde op hul tuiswerf wanneer hul terugkom by die huis.

8.3.1.2 Immunisasie

8.3.1.2.1 Alle perde wat aan uithouritte wat onder die reëls van ERASA aangebied word deelneem, moet teen perdegriep ingeënt wees.

8.3.1.2.1.1 ’n Aanvanklike reeks van twee inentings moet toegedien word. Die eerste inenting moet gevolg word deur ’n tweede inenting wat gegee word nie minder as een-en-twintig (21) dae en nie meer as negentig (90) dae na die eerste inenting nie.

8.3.1.2.1.2 Dit moet opgevolg word deur ’n eerste skraagdosis, wat gegee moet word binne ’n periode van ses (6) maande plus een-en-twintig (21) dae na die tweede inenting van die eerste reeks.

8.3.1.2.1.3 Daarna moet perde minstens een keer in elke twaalf maande ingeënt word, met dien verstande dat die laaste inenting nie langer as ses (6) maande plus een-en-twintig (21) dae voor die datum van die uithourit waaraan deelgeneem gaan word, gegee is nie. In die praktyk beteken dit dat perde wat

deurlopend aan uithouritte deelneem, elke ses maande ingeënt moet word.

8.3.1.2.2 Perde moes minstens die eerste reeks van twee inentings ontvang het, en daar moes minstens sewe dae na die tweede inenting verstryk het voordat die perd aan ’n uithourit mag deelneem.

8.3.1.2.3 Die gebruik van alle kommersieel beskikbare entstowwe, wat in Suid Afrika vir gebruik in perde geregistreer is, word deur ERASA aanvaar.

8.3.1.2.4 Alle perdegriep-inentings moet deur ’n veearts en/of dieregesondheidstegnikus toegedien word en geteken deur Veearts of Staatsveearts. Die naam/tipe van die entstof, die reeks/lotnommer, die datum van toediening en die roete van toediening moet in die perd se paspoort aangeteken word. Indien die vervaardiger van die entstof ’n plakker (hetsy ’n los plakker, of een wat van die enstofbotteltjie afgetrek kan word) saam met die entstof verskaf, moet dit ook in die paspoort ingeplak word.

8.3.1.2.5 Indien ’n perd, waarvoor nog nie ’n paspoort uitgereik is nie, inskryf vir ’n rit van tot en met veertig (40) kilometer, moet die verantwoordelike persoon bewys lewer van inenting teen perdegriep. Dieselfde reëls ten opsigte van die aantal inentings/inentingsprogram en die periodes voor ’n uithourit waartydens die perd nie ingeënt mag word nie, geld. Die minimum inligting wat aangeteken moet word (’n voorbeeld van ’n dokument wat vir hierdie doel gebruik kan word is aangeheg as aanhangsel B), is:

- Die naam van die entstof.
- Die reeks/lotnommer van die entstof.
- Die datum waarop die entstof toegedien was.
- Die naam van die persoon wat die entstof toegedien het.

Let op dat, vir hierdie perde, die enting ook slegs deur ‘n veearts gedoen mag word.

8.3.2 Afrika Perdesiekte (APS)

8.3.2.1 Inleiding

8.3.2.1.1 APS is ’n hoogs besmetlike maar nie-aansteeklike insek-oorgedraagde siekte van perde, muile, donkies (en alle ander spesies van die familie Equidae). Daar is nege serotipes van die virus wat almal regdeur Suid Afrika (met die uitsondering van ’n klein gedeelte van die Wes Kaap) verspreid is.

8.3.2.1.2 APS word nie direk van een perd na ’n ander oorgedra nie, maar word oorgedra deur muggies wat besmet word wanneer hulle op ’n besmette dier voed. Nadat die virus deur die muggies ingeneem is volg ’n inkubasieperiode van sewe (7) tot veertien (14) dae binne die muggie voordat die muggie aansteeklik word (m.a.w. voordat die muggie die siekte kan oordra).

8.3.2.1.3 Die siekte het verskeie vorms, wat ’n milde vorm (met net ’n koorsreaksie), ’n longvorm (“dunkop”), ’n hartvorm (“dikkop”) en ’n gemengde vorm. Daar is ook ’n sogenaamde sub-kliniese vorm waar perde die virus dra en kan versprei sonder om enige tekens te wys.

8.3.2.1.4 APS is ’n beheerde siekte en eienaars moet volgens wet die plaaslike staatsveearts van alle verdagte gevalle in kennis stel. Amptelike aanmeldingsvorms kan vanaf die staats-veeartskantoor bekom word. Monsters van alle verdagte gevalle behoort ook na die Perdenavorsingsentrum van die Fakulteit Veeartsenykunde van die Universiteit van Pretoria gestuur te word. Bloed (versamel in ’n EDTA buis met ’n pers prop) word van lewendige perde geneem, terwyl monsters van die longe op ys geneem behoort te word van alle perde wat moontlik as gevolg van APS dood is.

8.3.2.1.5 Die aantal gevalle wat gesien en gerapporteer word wissel van jaar tot jaar. Die areas/distrikte waar die siekte voorkom wissel ook van jaar tot jaar (alhoewel dit jaarliks in sommige en byna nooit in ander areas gesien word nie). Ruiters moet kennis neem dat daar altyd ’n risiko aan verbonde is om perde na ’n area waar gevalle van APS reeds gedurende die spesifieke jaar aangemeld is te neem omdat, na sulke gevalle, die muggies in daardie area waarskynlik besmetlik sal wees en daar dus ’n risiko is dat die perd besmet kan word met die virus terwyl hy in die spesifieke area is. Totdat die teendeel bewys word moet aanvaar word dat die siekte deur die byt van ’n enkele besmette muggie oorgedra kan word. Navorsing dui ook daarop dat sommige perde die virus kan dra en versprei sonder om self enige tekens van die siekte te wys. Dit word daarom ten sterkste aanbeveel dat ruiters elke jaar die statistiek van gevalle bestudeer (beskikbaar op die webtuiste van die Afrika Perdesiektetrust) om so ’n ingeligte besluit te kan neem rakende die risiko wat met ’n besoek na ’n spesifieke area gepaardgaan. Ruiters word ook aangemoedig om dit met hul plaaslike veearts of staatsveearts te bespreek.

8.3.2.2 Immunisasie. Dit word deur die wet voorgeskryf (Wet op Dieresiektes, Wet No. 35 of 1984) dat alle perde, donkies en muile jaarliks ingeënt moet word.

8.3.2.2.1 Alle perde wat aan uithouritte, wat onder die reëls van ERASA aangebied word, deelneem moet teen Afrika Perdesiekte ingeënt wees. Dit word streng aanbeveel dat inentings, soos per die SAEF Directive, soos onder ingeent word

8.3.2.2.1.1 Jaarliks tussen **1 Junie en 31 Oktober** ingeënt word

8.3.2.2.2 Daar is tans slegs een entstof wat deur ERASA aanvaar word beskikbaar. Dit word vervaardig deur Onderstepoort Biologiese Produkte, en bestaan uit twee fraksies/ inspuitings. Beide die fraksies/inspuitings moet aan die perd toegedien word. Die tweede fraksie/inspuiting mag eers na ’n periode van minstens drie weke na die eerste fraksie/inspuiting toegedien word.

8.3.2.2.3 Perde moes minstens een keer met beide fraksies/inspuiting van die entstof ingeënt gewees het, en daar moes minstens een-en-twintig (21) dae na die tweede inenting verstryk het voordat die perd aan ’n uithourit mag deelneem.

8.3.2.2.4 Perde wat in die landdrosdistrikte Malmesbury, Moorreesburg, Hopefield, Vredenburg, Wellington, Paarl, Stellenbosch, Strand/Somerset Wes, Kuilsrivier, Bellville, Mitchells Plein, Wynberg, Simonstad en Kaapstad aangehou word, mag slegs met vooraf toestemming van die Staatsveearts Boland ingeënt word.

8.3.2.2.5 Alle perdesiek-inentings moet deur ’n veearts en/of dieregesondheidstegnikus toegedienword en geteken deur Veearts of Staatsveearts. Die naam/tipe van die entstof, die reeks/lotnommer, die datum van toediening en die roete van toediening moet in die perd se paspoort aangeteken word. Indien die vervaardiger van die entstof ’n plakker (hetsy ’n los plakker, of een wat van die enstofbotteltjie afgetrek kan word) saam met die entstof verskaf, moet dit ook in die paspoort ingeplak word.

8.3.2.2.6 Indien ’n perd, waarvoor nog nie ’n paspoort uitgereik is nie, inskryf vir ’n rit van tot en met veertig (40) kilometer, moet die verantwoordelike persoon bewys lewer van inenting teen Afrika Perdesiekte. Dieselfde reëls ten opsigte van die aantal inentings/inentingsprogram en die periodes voor ’n uithourit waartydens die perd nie ingeënt mag word nie, geld. Die minimum inligting wat aangeteken moet word (’n voorbeeld van ’n dokument wat vir die doel gebruik kan word is aangeheg as aanhangsel B), is:

- Die naam van die entstof.
- Die reeks/lotnommer van die entstof.
- Die datum waarop die entstof toegedien was.
- Die naam van die persoon wat die entstof toegedien het
- Die naam van die persoon wat die entstof toegedien het
- **Let op dat, vir hierdie perde, die enting deur ook slegs ‘n veearts gedoen mag word**.

8.3.2.3 Verskuiwing van perde

8.3.2.3.1 Streng reëls geld ten opsigte van perde wat na die Wes Kaap geneem word. Hierdie regulasies moet deur lede van ERASA nagekom word. Inligting kan bekom word vanaf die volgende webtuistes:

- Epos : move@myhorse.org.za
- Webtuiste : www.myhorse.org.za

8.3.2.3.2 Van tyd tot tyd word regulasie rakende APS en die verskuiwing van perde in ander areas van die land ook deur die regering (nasionaal of

provinsiaal) uitgereik en lede van ERASA moet hierby ook hou. **SAEF se direktief sal geld as daar enigsins 'n verskil met die reëls in die reëlboek mag wees.**

8.3.2.3.3 'n Oortreding van hierdie regulasies sal terselfdertyd beskou word as 'n oortreding van die reëls van ERASA en dissiplinêre optrede kan teen lede wat hierdie regulasies oortree geneem word.

8.4 VEEARTSKAARTE

'n Veeartskaart word by alle uithouritte wat onder die reëls van ERASA aangebied word aan die ruiter uitgereik. Hierdie kaart word deur die veeartse gebruik om by elke ondersoek hul bevindinge op aan te teken. Kyk aanhangsel C. Kyk ook Hoofstuk 2.

8.5 IDENTIFIKASIE VAN PERDE EN PASPOORTKONTROLE BY RITTE

8.5.1 Identifikasie van perde

8.5.1.1 By elke uithourit moet die beskrywingsdiagram en gepaardgaande teks in die paspoorte van alle perde wat vir ritte van langer as veertig (40) km ingeskryf is deur 'n veearts nagegaan word om die identifikasie van die betrokke perd te bevestig. Indien 'n paspoort uitgereik is vir perde wat vir ritte van veertig (40) km en korter ingeskryf is moet hierdie paspoorte ook nagegaan word.

8.5.1.2. Vanaf 1 Junie 2012 sal perde by ritte deur middel van mikroskyfies geïdentifiseer word.

8.5.1.2.1 Indien 'n perd se mikroskyfie nie deur die mikroskyfieleser opgetel word nie, moet die perd aan die hand van die beskrywing in die paspoort geïdentifiseer word.

8.5.1.2.2 Indien daar 'n dispuut ontstaan rakende die identifikasie van 'n perd sal die beskrywing in die perd se paspoort geld.

8.5.1.3 Indien die beskrywing van die perd in die paspoort nie ooreenstem met die voorkoms van die perd wat vir ondersoek aangebied word nie, mag die perd nie toegelaat word om deel te neem nie. Dit moet ook so in die paspoort aangeteken word (op die bladsye "Identification of the horse described in this passport") en die hoofveearts van die rit moet by die inskrywing teken.

8.5.1.4 Indien die perd wel geïdentifiseer kan word, maar daar tog tekortkominge met die beskrywing is, moet dit skriftelik (deur 'n aantekening in die paspoort, op die bladsye "Identification of the horse described in this passport", waarby die hoofveearts van die rit moet teken) aan die ruiter oorgedra word. Die perd mag daarna nie weer aan 'n uithourit deelneem alvorens die tekortkominge nie reggemaak is nie.

8.5.2 Veeartse moet ook ten opsigte van elke perd wat ingeskryf is bevestig dat die perd se inentings op datum is en voldoen aan die reëls. Ten opsigte van perde waarvoor 'n paspoort uitgereik is word dit gedoen deur die inentingsrekord in die paspoort na te gaan. Vir perde wat ingeskryf is vir ritte van veertig (40) kilometer en korter moet die verantwoordelike persoon alternatiewe bewys voorlê (kyk ook artikel 8.3 hierbo).

8.5.2.1 Perdegriep. Indien die perd se perdegriep-inentingsgeskiedenis nie aan die vereistes soos in hierdie reëls uiteengesit voldoen nie, moet die perd weggewys en van die terrein verwyder word, en moet die hoofveearts wat by die rit diens doen in die paspoort (op die bladsy waar die perdegriep-inentings aangeteken word, in drukletters 'n aantekening maak dat die perd weggewys is (met redes).

8.5.2.2 Afrika Perdesiekte. Indien die perd nie gedurende die afgelope kalenderjaar teen Afrika Perdesiekte ingeënt was nie; en die tussenpose tussen die inentings langer as twaalf maande was, OF indien daar geen rekord van korrekte Afrika Perdesiekte-inenting in die perd se paspoort is nie, moet die perd weggewys en van die terrein van die rit verwyder word, en moet die hoofveearts wat by die rit diens doen in die paspoort (op die bladsy waar die Afrika Perdesiekte-inentings aangeteken word, in drukletters 'n aantekening maak dat die perd weggewys is (met redes).

8.5.2.3 Indien daar 'n aantekening rakende immunisasie in 'n perd se paspoort gemaak is en die perd word by 'n volgende rit aangebied word sonder dat die probleme reggestel is, moet die perd weggewys en dadelik van die terrein van die rit verwyder word. Die hoofveearts wat by die rit diens doen in die paspoort (op die bladsy waar die betrokke immunisasie aangeteken word, in drukletters 'n aantekening maak dat die perd weggewys is.

8.5.3 Administrasie

8.5.3.1 By klub- en unieritte hoef paspoorte nie vir ander administratiewe aspekte nagegaan te word en hoef geen aantekening in die paspoorte van perde wat aan al die vereistes voldoen, gemaak te word nie.

8.5.3.2 By alle nasionale ritte moet elke perd se paspoort deur die hoofveearts van die betrokke rit deurgegaan en daarna afgeteken word (op die bladsye "Identification of the horse described in this passport"), waardeur daar dan gesertifiseer word dat die beskrywing van die perd in die paspoort ooreengestem het met die perd wat aangebied was, dat die perd se inentings voldoen het aan die reëls en dat alle administratiewe aspekte neergelegde vereistes voldoen het. Let op dat:

8.5.3.2.1 Afwykings rakende die beskrywing en immunisasie steeds aangeteken moet word soos hierbo onder 8.5.1 en 8.5.2 omskryf.

8.5.3.2.2 Ander administratiewe tekortkominge skriftelik (deur 'n aantekening in die paspoort op die bladsye "Identification of the horse described in this passport", waarby die hoofveearts van die rit moet teken) aan die ruiter oorgedra moet word. Die perd mag daarna nie weer aan 'n uithourit deelneem alvorens die tekortkominge nie reggemaak is nie.

8.6 VEEARTSONDERSOEKE (kyk ook Hoofstuk 2).

Die aspekte soos hieronder omskryf moet deur die veearts ondersoek word, en hy/sy moet sy/haar bevindinge op die voorgeskrewe veeartskaart aandui.

8.6.1 Voorrit-ondersoek. By die voorrit-ondersoek moet die veearts:

8.6.1.1 Die perd se tande ondersoek om te verseker dat die perd voldoen aan die minimum vereistes met betrekking tot die ouderdom van perde

8.6.1.2 Die perd se habitus beoordeel en die ruiter uitvra oor die perd se eetlus en waterinname. Habitus (die algemene houding van die perd, gewilligheid om te draf, belangstelling in die omgewing) word op die veeartskaart aangeteken met die volgende gradering:

"A" – Lewendig, stel belang in omgewing, draf sonder veel aanmoediging
"B" – Effens depressief, moet aangemoedig word om te draf
"C" – Depressief, weier om te draf of draf slegs met baie moeite.

8.6.1.3 Die perd se metaboliese status bepaal deur die volgende te ondersoek:

8.6.1.3.1 Die polstempo (slae per minuut) en kwaliteit van die hartslag word evalueer. Op die veeartskaart word die tempo sowel as enige geruis of abnormale hartritme (onder opmerkings op die veeartskaart) aangeteken. Die veearts bepaal volgens sy/haar diskresie die beduidendheid daarvan, maar kan 'n tweede opinie inwin.

- Indien die veearts van mening dat opgewondenheid of steurnisse 'n rol gespeel het, moet die pols weer geneem word.
- Die pols moet eerste bepaal word, voordat enige ander ondersoeke

- Die veearts kan op eie diskresie ’n ander perd (waarmee die perd wat ondersoek word saam ry of saam oefen) toelaat om by die perd wat ondersoek word te staan indien hy van mening is dat die perd wat ondersoek word angstig is wanneer sy maat weg is.
- Hou in gedagte dat pyn dikwels die harttempo verhoog, en moenie aanvaar dat dit noodwendig a.g.v. uitputting is nie.

8.6.1.3.2 Die dermklanke. Word beluister met ’n stetoskoop. Indien min of geen geluide aan die linkerkant opgetel word nie, luister ook regs. Indien geen geluide opgetel word nie, behoort daar in vier kwadrante geluister te word. Gradering op die veeartskaart:

"N" – normale geluide
"↓" – geluide onderdruk
"↑" – oormatige geluide

Indien aan beide kante geluister is, word die blokkie op die kaart in twee verdeel, en dan word dieselfde simbole gebruik om die evaluering t.o.v. beide kante op die veeartskaart aan te dui.

8.6.1.3.3 Die hidrasievlak te bepaal deur die velvoutoets, gedoen op die punt van die skouer (gemeet in sekondes wat dit duur vir die velvou om terug te trek). Die tyd in sekondes word soos volg op op die veeartskaart aangeteken:

"1" - ≤ 1 sekonde
"2" - > 1 tot 2 sekondes
"3" - > 2 tot 3 sekondes
"4" - > 3 sekondes

8.6.1.3.4 Die slymvliese, deur spesifiek te kyk na:

- die kleur en voorkoms te beoordeel; kyk na die slymvliese onder die lip en tandvleis (en, slegs indien daar ’n probleem vermoed word, ook die binnekant van die ooglid). Gradering op die veeartskaart:

  “A” - Normaal (pienk, vogtig en blink)
  “B” – Kongestief, of droog/taai
  “C” – Erg kongestief, vuilrooi

- Die kapillêre hervultyd te bepaal (in sekondes). Die tyd in sekondes word soos volg op op die veeartskaart aangeteken:
  “1” - ≤ 1 sekonde
  “2” - > 1 tot 2 sekondes
  “3” - > 2 tot 3 sekondes
  “4” - > 3 sekondes

8.6.1.4 Die longe beluister en ook die respirasietempo bepaal. Perde wat enige teken van 'n respiratoriese siekte toon mag nie aan die rit deelneem nie en moet na die behandelingsveearts verwys word.

8.6.1.5 Kyk vir beserings en velletsels op die skof, rug, lendene, ribbes, gord, bors, skouers en bek, en voel ook die rug om te bepaal of daar oormatige sensitiwiteit en/of pyn is. Kyk vir beserings aan die ledemate (insluitend aankap- en oortrapmerke), hoeftoestande en ander abnormaliteite. Alle velletsels moet in die “kommentaar” kolom op die veeartskaart omskryf en ook op die diagram van die perd op die rugkant van die veeartskaart aangedui word. By die voorritondersoek moet ou letsels ook genoem/aangedui word, sodat dit van letsels wat tydens die rit opgedoen is, onderskei kan word. Gradering soos volg:

“A” – Geen letsels
“B” – Matige letsels
“C” – Erge letsels

8.6.1.6 Die kwaliteit van die perd se hoefbeslag (of hoefversorging, sou die perd kaalvoet aan die rit deelneem) beoordeel en, indien nodig, aanbevelings in die verband aan die verantwoordelike persoon maak. Dit moet op die veeartskaart aangeteken word of die perd aan al vier voete beslaan is, of net voor of net agter, of glad nie.

8.6.1.7 Die perd ondersoek vir enige tekens van siekte en, indien nodig, die perd na die behandelings-veearts verwys.

8.6.1.7.1 Die rektale temperatuur van behoort geneem te word tydens die voorondersoek indien ongesteldheid of siekte vermoed word. Indien die rektale temperatuur hoër is as 38,4°C moet die perd na die behandelingsveearts verwys word vir verdere ondersoek en, indien nodig, behandeling.

8.6.1.8 Die perd se beweging beoordeel terwyl die perd sonder saal, sonder kombers, verbande of beskermende uitrusting op 'n los leitou oor 'n afstand van 40 meter weg en terug gedraf word. Let op dat perde wat nie beslaan is nie wel met hoefstewels aan gedraf mag word. Enige afwykings moet aangeteken word; indien die perd volgens die veearts mank is, moet daar deur 'n paneel gestem word om te bepaal of

die perd aan die rit mag deelneem. Perde moet verkieslik gedraf word sonder om aangejaag of skrikgemaak te word.

8.6.1.8.1 Gradering op die veeartskaart:

"A" – Gladde beweging, geen tekens van mankheid nie
"B" – Beweging onegalig, maar nie deurlopend mank nie.
"C" – Mank

8.6.1.8.2 'n Perd word geag mank te wees indien dit tydens 'n draf òf 'n konstante afwyking van beweging òf pyn wys.

8.6.1.8.3 Eiesoortige en/of abnormale gang wat nie van so 'n aard is dat die perd daarvoor elimineer hoef te word nie, moet op die veeartskaart aangeteken word.

8.6.1.9 Spiertonus behoort ook ondersoek te word, en kan in die "kommentaar" kolom op die veeartskaart aangedui word (indien daar nie spesifiek daarvoor op die kaart voorsiening gemaak is nie). Dit word bepaal deur die boudspiere van die perd te palpeer, en liggies op die spiere te druk. Spiere moet meegee onder die ligte druk. Indien die spiere stywerig voorkom (maar nie so dat die perd geëlimineer moet word nie), moet dit aangeteken word.

8.6.2 Ondersoeke tydens die rit. Perde moet na afloop van elke been van 'n rit weer ten volle ondersoek word. By hierdie ondersoek moet die veearts:

8.6.2.1 Die perd se habitus beoordeel en die ruiter uitvra oor die perd se eetlus en waterinname. 'n Afname van eetlus of waterinname of gedrags-veranderinge tydens 'n rit is vroeë waarskuwings wat daarop dui dat die perd nie meer voldoende herstel nie.

8.6.2.2 Die perd se metaboliese status bepaal (soos beskryf in artikel 8.6.1.3 hierbo).

8.6.2.2.1 Tydens alle ritte wat onder die hek tydhoustelsel aangebied word moet die kardiese herstel-indeks bepaal word. Dit word sterk aanbeveel dat dit ook by ritte wat onder die verpligte rus tydhoustelsel aangebied word, gedoen word.

8.6.2.2.1.1 Die kardiese herstelindeks (KHI) word gebruik om die perd se herstelvermoë op daardie stadium te bepaal, en gee 'n goeie aanduiding van die perd se vermoë om met die rit voort te gaan.

8.6.2.2.1.2 Dit word soos volg bepaal:

- Die perd se polstempo word bepaal.
- Die perd word dan oor 'n afstand van tagtig (80) meter (40 meter weg en 40 meter terug) gedraf, waartydens die perd se beweging geëvalueer word. Dit neem gemiddeld ongeveer 28 – 30 sekondes (afhangend van hoe vinnig die hanteerder met die perd draf).

- Presies een minuut nadat die perd begin draf het (dus ongeveer 30 sekondes nadat die perd klaar gedraf het) word die polstempo weer bepaal.
- Die KHI word aangedui as 64/60, 48/52, of 44/44, ens.

8.6.2.2.1.3 Hoë KHI's

- Indien die tweede pols tussen vier en agt slae per minuut hoër is as die eerste pols, moet die veearts dit evalueer aan die hand van:
  - Die eerste pols. Hoe nader die eerste pols aan 64 slae per minuut was, hoe meer betekenisvol is 'n styging van vier of meer slae per minuut.
  - Die perd se "gliptyd" (die tyd wat verloop het vandat die perd by die beheerpunt aangekom het totdat die perd aangebied word).
  - Die res van die parameters wat tydens die ondersoek geëvalueer word.
- Indien die tweede pols agt of meer slae per minuut hoër is as die eerste pols behoort die perd vir 'n herondersoek (ongeveer vyftien minute voordat die perd op die volgende been vertrek) aangebied word.

8.6.2.2.1.4 Lae KHI's en gelyke KHI's

- Indien die tweede pols laer is as die eerste pols, dui dit daarop dat die perd nog goed herstel, en in staat is om met die rit voort te gaan. Dieselfde geld vir perde met 'n gelyke KHI.

8.6.2.2.2 Verlies van dermklanke gaan gewoonlik gepaard met uitputting. Die refleks/tonus van die anale sluitspier moet nagegaan word wanneer maagklanke afwesig is. Die bevindinge moet in die lig van die res van die parameters wat geëvalueer word, beoordeel word.

8.6.2.2.3 Bonsing vertoon as 'n flikkering van die flankspiere in ritme met die perd se hartklop. So 'n perd se polsslag kan dikwels laer wees as die aanvaarde afsnypunt. Bonsing word veroorsaak deur 'n ernstige elektroliet-wanbalans en die perd moet geëlimineer word.

8.6.2.3 Die longe beluister en ook die respirasietempo bepaal.

8.6.2.4 Kyk vir beserings en velletsels op die skof, rug, lendene, ribbes, gord, bors, skouers en bek, en voel ook die rug om te bepaal of daar oormatige sensitiwiteit en/of pyn is.

8.6.2.5 Kyk vir beserings aan die ledemate (insluitend aankap- en oortrapmerke), hoeftoestande en ander abnormaliteite.

8.6.2.6 Kyk of, indien die perd die rit met hoefysters begin het, al vier voete steeds beslaan is. Indien die perd 'n hoefyster verloor het, moet dit vervang word voordat die perd met die rit mag aangaan. Die perd moet, nadat die hoefyster vervang is, weer aangebied word. Sou daar dan enige teken van mankheid wees, word dit hanteer soos uiteengesit in artikel 8.6.1.8 hierbo.

8.6.2.7 Die perd ondersoek vir enige tekens van siekte of uitputting (insluitend, maar nie beperk tot, dehidrasie, oormatige sweet, spiertrekkings of spasmas of krampe, glaserige oë, veraf uitdrukking, koliek, matige abdominale pyn, onwilligheid om te beweeg) en, indien nodig, die perd na die behandelings-veearts verwys. Diarree kan lei tot baie vinnige verlies van vog en elektroliete en perde met erge diarree moet onmiddellik geëlimineer word.

8.6.2.8 Die perd se beweging beoordeel soos omskryf in artikel 8.6.1.8 hierbo.

8.6.3 Verpligte herondersoeke. Tydens ritte wat onder die hek tydhoustelsel aangebied word, kan die ritkomitee in samewerking met die hoofveearts bepaal dat perde na voltooiing van bepaalde bene vir ’n verpligte herondersoek aangebied moet word. Sulke herondersoeke (ook na verwys as herstel-ondersoeke) vind plaas ongeveer vyftien (15) minute voor die perd op die volgende been vertrek. So ’n herondersoek neem presies dieselfde formaat aan soos die ondersoeke wat na afloop van ’n been plaasvind.

8.6.4 ’n Herondersoek kan ook te enige tyd deur die veearts (by alle ritte) aangevra word. Die veearts moet dit dan so op die veeartskaart aandui, en die perd moet dan weer (ook ongeveer 15 minute voor vertrek op die volgende been) aangebied word vir ondersoek. Die volledige ondersoek soos hierbo omskryf word dan herhaal.

8.6.5 Veeartse mag ook perde op die baan ondersoek. Sulke ondersoeke word gewoonlik beperk tot ’n verbydraf by die baanveearts, maar die baanveearts kan volgens sy diskresie ’n meer volledige ondersoek doen en, indien hy van mening is dat die perd nie kan voortgaan nie, die perd elimineer.

8.6.6 Finale ondersoek. Die finale ondersoek is die ondersoek wat gedoen word nadat die perd die afstand waarvoor ingeskryf is, voltooi het. Dit neem presies dieselfde vorm aan soos die ondersoeke wat na elke been plaasvind, en die perd moet steeds geskik bevind word om te kan voortgaan asof daar nog ’n been sou wees.

8.6.7 Uittekenondersoeke

8.6.7.1 Perde moet na afloop van ’n rit, en voordat hulle die terrein mag verlaat, weer by die veearts-paneel aangebied word vir ondersoek. Tydens hierdie ondersoek moet die veearts:

8.6.7.1.1 Die perd se habitus beoordeel en die ruiter uitvra oor die perd se eetlus en waterinname.

8.6.7.1.2 Die perd se metaboliese status bepaal soos omskryf in artikels 8.6.1.3 en 8.6.2.2.

8.6.7.1.3 Die perd ondersoek vir enige tekens van siekte.

8.6.7.1.4 Indien nodig, die perd verwys na die behandelingsveearts vir verdere ondersoek en moontlike behandeling.

8.6.7.2 Indien die veearts van mening is dat die perd geskik is om die terrein te verlaat en huis toe te gaan, moet hy ’n uitekenkaartjie voltooi en aan die verantwoordelike persoon oorhandig.

8.6.7.3 Na ritte oor 140km of meer op een dag behoort perde vir minstens 24 uur na afloop van die rit op die terrein te bly, en behoort die veeartspaneel slegs onder buitengewone omstandighede toestemming te gee dat die perd die terrein vroeër mag verlaat.

8.7 REDES VIR ELIMINERING

8.7.1 Enige toestand wat, na die opinie van ’n veearts, gevaar inhou vir die gesondheid en welstand van ’n perd, of wat pyn sal veroorsaak indien die perd toegelaat sou word om verder aan die rit deel te neem kan lei tot die eliminasie van die betrokke perd.

8.7.2 Die volgende is van die hoofredes waarvoor perde by uithouritte geëlimineer word. Die lys is nie volledig nie, en dit moet in gedagte gehou word dat die welstand van die perd belangriker is as enige ander faktor. Indien daar enige twyfel oor die perd se vermoë om met die rit voort te gaan bestaan, moet dit met die verantwoordelike persoon bespreek word, met die aanbeveling dat die perd liewer moet uittree (of die trapleer gestop word). Indien nodig (indien die perd na die mening van die betrokke veearts nie kan voortgaan nie) moet so ’n perd geëlimineer word.

8.7.2.1 Pols. Indien die pols hoër is as die toegelate maksimum vir die betrokke been.

8.7.2.2 Mankheid. Eliminasie vir mankheid volg nadat daar deur ’n paneel veeartse gestem is oor die vermoë van die perd om met die rit voort te gaan. Indien die meerderheid besluit dat die perd mank is en nie kan voortgaan nie, word die perd geëlimineer.

8.7.2.3 Metaboliese krisis. Tekens hiervan sluit in uitputting, hoë polsslag, verhoogde kapillêre hervultyd, oormatige ontwatering, buikloop, afwesigheid van derm-klanke, 'n afname in anale sluitspier tonus en glaserige oë. Eliminasie is op grond van die opinie van die laanveearts met ’n tweede opinie van een van die ander lede van die veeartspaneel. By groot ritte (kampioenskappe) word dit aanbeveel dat eliminasie slegs sal volg na ’n onafhanklike stemming deur drie lede van die veeartspaneel, sonder bespreking.

8.7.2.4 Bonsing. Kyk artikel 8.6.2.2.3 hierbo

8.7.2.5 Asoturie, asook tekens van verwante probleme soos spierkrampe en spierbinding (“tying-up”).

8.7.2.6 Erge epistakse (neusbloeding).

8.7.2.7 Behandeling wat gedurende 'n rit toegedien word (met die uitsondering van behandeling wat vooraf gemagtig is, kyk hoofstuk 9), of onwettige behandeling toegedien deur die ruiter of nigiemand anders.

8.7.2.8 Beserings wat pyn veroorsaak en wat die welstand en toekomstige atletiese vermoë van die perd bedreig.

8.7.2.9 Erge velletsels.

8.7.2.10 Algemene en/of spesifieke tekens van verswakte gesondheid soos bv. erge dehidrasie, oormatige sweet, spiertrekkings of spasmas of krampe, glaserige oë, veraf uitdrukking, koliek, matige abdominale pyn, onwilligheid om te beweeg of enige ander tekens van fisiese probleme.

8.8 BES VOORBEREIDE PERD

8.8.1 Die ritkomitee bepaal vooraf in watter kategorieë ’n bes voorbereide perd toekenning gemaak sal word. Dit behoort in elke kategorie (kind, junior/jong ruiter, senior liggewig, senior standaardgewig en senior swaargewig) en ook vir elke afstand (van 80km of langer) wat by ’n ritbyeenkoms aangebied word, toegeken word.

8.8.2 Die doel van die toekenning is om te bepaal watter van die perde wat die rit suksesvol voltooi het, nog in die beste toestand is.

8.8.2.1 Die beoordeling van perde wat in aanmerking kom vir die beste voorbereide perd toekenning is die verantwoordelikheid van die veeartspaneel (wat hierin deur 'n ervare perdekenner bygestaan kan word). Dit word na afloop van die rit gedoen en verkieslik op die dag van die rit.

8.8.2.2 Slegs die perde wat binne een uur van die wentyd (in die betrokke kategorie) die rit voltooi het word inaanmerking geneem, met ’n maksimum van vyf perde per kategorie (by groot ritte kan na die eerste tien perde per kategorie gekyk word).

8.8.2.3 Ruiters is nie verplig om hul perde aan te bied indien hul uitgeroep word nie.

8.8.2.4 Perde wat uitgeroep word is steeds onderhewig aan toetse vir die gebruik van verbode middels.

8.8.2.5 Perde wat behandel was na afloop van die rit sal nie oorweeg word nie.

8.8.2.6 Perde wat die rit eindig met ’n “B” vir beweging sal ook nie oorweeg word nie.

8.8.3 By ritte wat onder die verpligte rus-tydhoustelsel aangebied word, word die besvoorbereide perd aangewys volgens die volgende prosedure:

8.8.3.1 Punte word toegeken vir vier faktore:

8.8.3.1.1 Rytyd (100 punte). Aan die perd met die kortste tyd (vinnigste perd) word 100 punte toegeken. Vir alle ander perde word een (1) punt afgetrek vir elke minuut of gedeelte daarvan stadiger gery as die vinnigste perd. Vir ritte oor twee (2) dae word een punt vir elke twee minute afgetrek, en vir ritte oor drie (3) dae een punt vir elke drie minute

8.8.3.1.2 Massa van die ruiter (100 punte). Aan die swaarste ruiter van die perde wat in aanmerking geneem word in die betrokke kategorie word 100 punte toegeken. Vir al die ander ruiters word een (1) punt per kilogram of gedeelte daarvan afgetrek wat hulle ligter as die swaarste ruiter is.

8.8.3.1.3 Gemiddelde polsslag (100 punte). Die gemiddelde polsslag van ’n perd oor die hele rit word bereken. Die voorritondersoek word nie in ag geneem nie (slegs “werkende” polse word gebruik).

8.8.3.1.3.1 ’n Gemiddelde van 40 slae per minuut word as basislyn gebruik en dit verdien 100 punte.

8.8.3.1.3.2 Tussen 41 en 45 word twee (2) punte per polsslag hoër as 40 van 100 afgetrek.

8.8.3.1.3.3 Tussen 46 en 50 word tien (10) punte PLUS vier (4) punte per polsslag hoër as 45 van 100 afgetrek.

8.8.3.1.3.4 Tussen 51 en 55 word dertig (30) punte PLUS ses (6) punte per polsslag hoër as 50 van 100 afgetrek.

8.8.3.1.3.5 Tussen 56 en 60 word sestig (60) punte PLUS agt (8) punte per polsslag hoër as 55 van 100 afgetrek.

8.8.3.1.4 Veterinêre parameters (50 punte). Strafpunte word soos volg toegeken, en dan afgetrek van 50 punte:

8.8.3.1.4.1 Beweging

- Indien die perd met ’n “A” eindig, word geen strafpunte toegeken nie.
- Indien die perd met ’n “B” eindig, word die perd nie vir die toekenning in aanmerking geneem nie.

8.8.3.1.4.2 Habitus, slymvliese, velletsels (buikgord, skof en rug) en dermklanke:

- Indien die perd met ’n “A” eindig, word geen strafpunte toegeken nie.
- Indien die perd met ’n “B” eindig, word 4 strafpunte toegeken
- Indien die perd met ’n “C” eindig, word 8 strafpunte toegeken.

8.8.3.1.4.3 Hidrasie (velvou) en kapillêre hervultyd. Hierdie word beide soos volg bereken:

- Indien die perd met ‘n “1” eindig, word geen strafpunte toegeken nie.
- Indien die perd met ‘n “2” eindig, word 4 strafpunte toegeken.
- Indien die perd met ‘n “3” eindig, word 8 strafpunte toegeken.
- Indien die perd met ‘n “4” eindig, word die perd nie vir die toekenning in aanmerking geneem nie.

8.8.3.1.4.4 Die berekende totaal word van 50 afgetrek. Indien geen strafpunte aangeteken word nie, word dus ’n totaal van 50 punte toegeken.

8.8.3.2 Nadat die perde se puntetotale bereken is, word perde wat binne ’n sekere aantal punte van mekaar eindig (kyk hieronder) uitgeroep. Perde word dan hoofsaaklik op beweging beoordeel; indien die perd met die meeste punte na die mening van die veeartspaneel steeds normaal beweeg (en dus, sou daar nog ’n been wees, met die rit sou kan voortgaan) word die toekenning aan hierdie perd gemaak. Indien die perd met die meeste punte op hierdie stadium op beweging uitval, sal die toekenning aan die tweede perd op punte gemaak word (mits die perd normaal beweeg), ens.

8.8.3.2.1 By ’n eendag rit word alle perde wat binne 10 punte vanmekaar eindig fisies ondersoek; by ’n rit oor twee dae alle perde wat binne 20

punte van mekaar eindig en by ’n rit oor drie dae alle perde wat binne 30 punte van mekaar eindig.

8.8.3.2.2 Selfs as net een perd in aanmerking kom, moet die perd steeds fisies ondersoek word.

8.8.3.2.3 Indien daar, volgens die mening van die veeartspaneel, geen perd in die groep is wat nog normaal beweeg nie, word die toekenning nie gemaak nie.

8.8.3.2.4 Perde wat kwalifiseer maar wat reeds na die rit van die terrein verwyder is, kom nie in aanmerking vir die toekenning nie.

8.8.4 By ritte wat volgens die hek-tydhoustelsel aangebied word, word die vorm soos aangeheg in aanhangsel D gebruik. Ten opsigte hiervan:

8.8.4.1 Al die perde wat in aanmerking kom moet uitgeroep word om weer aan die veeartspaneel aangebied te word, gewoonlik ongeveer twee ure nadat die laaste perd wat in aanmerking kom, die afstand voltooi het.

8.8.4.2 Punte word toegeken vir die volgende (die spesifieke toekenning van die punte verskyn op die vorm):

8.8.4.2.1 Hersteltempo (maksimum twintig punte). Dit staan ook bekend as "gliptyd" en is die tyd wat geneem is vandat die perd by die ritbasis/kontrolepunt aangekom het totdat die perd die veeartshek binnegaan (aangebied word aan die veeartspaneel). Gliptye word aangeteken vir elke hek, en die gemiddeld word bereken. Punte word toegeken op grond van die gemiddelde gliptyd vir al die hekke, maar die gliptyd aan die einde van die rit word nie ingesluit nie.

8.8.4.2.2 Kardiese Herstelindeks (maksimum twintig punte). Die verskil tussen die eerste en tweede pols by elke hek word bereken, waarna die gemiddeld vir al die hekke bereken word. Punte word toegeken op grond van die gemiddelde verskil tussen die eerste en tweede pols by al die hekke.

8.8.4.2.3 Finale rytyd-telling (maksimum dertig punte). Punte word toegeken op grond van die ruiter se rytyd. Die ruiter met die vinnigste tyd kry maksimum punte, en daarna word een punt afgetrek vir elke twee (2) minute wat die ander ruiters stadiger gery het.

8.8.4.2.4 Ruitergewigtelling (maksimum twintig punte). Die voorrit-gewig van die ruiter (met rytoerusting) word gebruik om hierdie telling te bepaal. Die swaarste ruiter wat in aanmerking geneem word vir die toekenning kry maksimum punte, en daarna word een punt afgetrek vir elke kilogram wat die ander ruiters ligter is as die swaarste ruiter.

8.8.4.2.5 Mankheidstelling (maksimum dertig punte). Elke perd wat in aanmerking geneem word vir die beste voorbereide perdtoekenning word weer aan die veeartspaneel aangebied en dan eer uitgedraf. Ten minste drie veeartse moet die perd se beweging tydens die draf beoordeel. Nadat die perd gedraf is gee elk van die drie veeartse 'n

opinie of die perd gelyk ("sound"), effens ongelyk (“slightly uneven”), gelyk maar met onreëlmatige tekens van ongelykheid ("sound with inconsistent signs of lameness”) of mank gedraf het. Die meerderheidsopinie geld. Byvoorbeeld, indien die meerderheid van mening is dat die perd gelyk gedraf het, word volpunte toegeken en indien die meerderheid van opinie is dat die perd konstant mank is, word die perd geëlimineer t.o.v. die toekenning (maar nie t.o.v. voltooiing van die rit nie).

8.8.4.2.6 Kwaliteit van beweging (maksimum twintig punte). Dit word beoordeel gelyktydig met die mankheidstelling. Weereens geld die meerderheidsopinie. Punte word apart toegeken vir die twee elemente van hierdie aspek (elke element tel tien punte):

8.8.4.2.6.1 Houding. Hier word gekyk na die perd se algemene voorkoms, habitus, belangstelling in sy omgewing.

8.8.4.2.6.2 Aksie. Hier word die perd se gewilligheid om uit te draf, die ritme van sy beweging en sy dryf (of hy sterk vorentoe beweeg) beoordeel.

8.8.4.2.7 Metaboliese telling (maksimum tien punte). Hierdie word gedoen tydens die ondersoek van perde wat in aanmerking geneem word en nadat die perde uitgedraf is. Elke perd word dan deur dieselfde lid van die veeartspaneel beoordeel, en punte word toegeken vir die velvou-toets (in sekondes), kapillêre hervultyd (in sekondes), voorkoms van die bekslymvliese en die kwaliteit van die dermklanke ten tye van hierdie ondersoek. Let asseblief daarop dat geen aandag gegee word aan die bevindinge t.o.v. hierdie kriteria gedurende die rit nie, en dat punte slegs toegeken word vir die bevindinge tydens die ondersoek wat uitgevoer word spesifiek vir bepaling van die beste voorbereide perd. Punte word apart vir elk van die vier elemente toegeken, waarna die tellings bymekaargetel word en die gemiddeld bereken word.

8.8.4.2.8 Letsels (maksimum tien punte). Terselfdertyd wanneer perde ondersoek word vir die metaboliese telling, word hulle ook ondersoek vir letsels. Hierdie word deur 'n ander lid van die veeartspaneel gedoen as die een wat die metaboliese ondersoek doen, maar elke perd word deur dieselfde veearts vir letsels ondersoek. Punte word toegeken op grond van letsels in die bek, oor die buikgord, saalarea en rug en op die ledemate. Let asseblief daarop dat gaan aandag gegee word aan die bevindinge t.o.v. hierdie kriteria gedurende die rit nie, en dat punte slegs toegeken word vir die bevindinge tydens die ondersoek wat uitgevoer word spesifiek vir bepaling van die beste voorbereide perd. Punte word apart vir elk van die drie elemente toegeken, waarna die tellings bymekaargetel word en die gemiddeld bereken word.

8.8.4.3 Die agt tellings word bymekaargetel om die groottotaal te bereken. Die perd met die hoogste groottotaal is die wenner van die bes voorbereide perdtoekenning.

8.9 GENADEDOOD

8.9.1 Indien 'n perd tydens 'n ritbyeenkoms sodanig beseer word dat, volgens die mening van die behandelingsveearts/hoofveearts/lid van die veeartspaneel, genadedood toegedien moet word:

8.9.1.1 Moet die ritmeester ingelig word.

8.9.1.2 Moet die verantwoordelike persoon of sy verteenwoordiger vooraf skriftelik toestemming gee. Indien die verantwoordelike persoon/ verteenwoordiger nie opgespoor kan word nie, moet die betrokke veearts, indien enigsins moontlik, ’n tweede opinie kry. Indien beide veeartse van mening is dat genadedood aangewese is, moet hulle voortgaan om die perd so onnodige lyding te spaar.

8.9.1.3 ’n Volledige skriftelike kliniese verslag, wat die bevindinge van die veearts en die rede waarom daar op genadedood besluit is aandui, moet opgestel word.

8.9.1.4 Die metode van genadedood word aan die diskresie van die veearts oorgelaat.

8.9.1.5 Indien enigsins moontlik moet bloedmonsters (voor genadedood toegepas word) van die perd geneem word en na die laboratorium gestuur word vir ontleding (hanteer soos monsters vir toets vir verbode middels, kyk hoofstuk 9).

8.9.1.6 Indien enigsins moontlik moet 'n nadoodse ondersoek uitgevoer word. Dit word ook aanbeveel dat monsters van skeletspier, hartspier, lewer, niere, longe en die adrenaalklier op formalien geneem en vir histopatologie weggestuur word.

8.9.1.7 Administratiewe aspekte soos omskryf in Artikel 4.12 moet nagekom word.

Endurance Ride / Uithourit							
Ride Name / Ritnaam							
Club / Klub							
Date / Datum							
Ride type / Tipe rit	ERASA		FEI				
Time keeping / Tydhou	Gate / Hek		Compulsory hold / Verpligte rus				
Ride master / Ritmeester							

The purpose of this report is to give ERASA (and specifically the Veterinary Group) an overall view of the veterinary aspects of the ride. / Die doel met hierdie verslag is om aan ERASA (en spesifiek die Veterinêre Groep) 'n algehele oorsig rakende veterinêre aspekte van die betrokke rit te gee.

The report must be completed by the Chief Veterinarian officiating at the ride, and e-mailed or faxed within 14 days after the ride to the ERASA Office. A copy must be handed in to the ride committee. / Die verslag moet deur die Hoofveearts wat by die rit diens doen voltooi word, en moet binne 14 dae na die rit per e-pos of per faks na die ERASA Kantoor gestuur word. 'n Afskrif moet by die ritkomitee ingegee word by.

e-mail / e-pos : admin@erasa.co.za

The following must be sent with the report/ Die volgende moet saam met hierdie verslag ingedien word:

1. **ERASA Medication forms/ETUE (refer 6.4 below) / ERASA Medikasievorms/ ETUE (verwys 6.4 hieronder) – only if samples for medication contol were collected / slegs indien monsters vir medikasiebeheer geneem is**
2. **Completed Treatment Report (refer Appendix A to this report) / Voltooide Behandelingsverslag (verwys Aanhangsel A tot hierdie verslag)**

1. Chief Veterinarian / Hoofveearts	
Name / Naam	
Address / Adres	
e-mail / e-pos	
Fax / Faks	
Cell nr / Sel nr	

2. Veterinarians / Veeartse			
2.1	Veterinary Panel / Veeartspaneel		
	Members / Lede:		
2.2	Treating Veterinarian(s) / Behandelingsveearts(e)		

3. General matters / Algemene aspekte					
3.1	Surface of the veterinary examination area (please tick): / Oppervlakte van die veeartsondersoekarea (merk asb):				
	Hard / Hard		Soft / Sag		
	Grass / Gras		Bare ground / Kaal grond		
	Level / Gelyk		Uneven / Ongelyk		
	Holes / Gate		Rocky / Klipperig		
	Flat / Plat				
3.2	Did the veterinary examination area meet the required standard? / Het die veeartsondersoekarea aan die vereiste standaard voldoen?			Yes / Ja	No / Nee
	General comments regarding examination area (including suggestions for improvement) / Algemene kommentaar oor ondersoekarea (insluitend voorstelle ter verbetering):				
3.3	General comments (if any) on the stabling / accommodation of horses / Algemene kommenaar (indien enige) rakende die stallering / akkommodasie van perde				

3.4	Were the arrangements regarding food and drinks for the veterinary panel and treating veterinarian(s) sufficient? / Was die reëlings m.b.t. kos en drinkgoed vir die veeartspaneel en behandelingsveearts(e) voldoende?	Yes / Ja	No / Nee
3.5	Was the accommodation provided to veterinarians acceptable? / Was die veeartse akkommodasie aanvaarbaar?		
3.6	Were daily and traveling allowances paid in accordance with the rules? / Is dag- en reistoelaes uitbetaal in ooreenstemming met die reëls?		
3.7	General comments (if any) – especially if your reply was “No” to any of 3.3 – 3.6 above / Algemene kommentaar (indien enige) – veral indien u antwoord “Nee” was op enige van 3.3 tot 3.6 hierbo		

4. Emergency services / Nooddienste

4.1	Was/were the treating veterinarian(s) sufficiently equipped to deal with all casualties/emergencies? / Was die behandelingsveearts(e) voldoende toegerus om na alle ongevalle/noodgevalle om te sien?	Yes / Ja	No / Nee
4.2	Were there adequate provisions for a veterinary emergency service at the ride base, including stables/paddocks/crush(es)? Was daar voldoende fasiliteite vir die lewer van veeartsenykundige nooddienste, insluitend stalle/kampies/drukgang(e)?		
4.3	Was there a towing vehicle and horsebox ("horse ambulance") available for collecting injured and/or exhausted horses from the course? / Was daar 'n sleepvoertuig en perdewa ("perde-ambulans") beskikbaar om beseerde en/of uitgeputte perde op die baan te gaan haal?		
4.4	Were there screens available for erecting around an injured horse? / Was daar skerms beskikbaar om rondom 'n beseerde perd op te rig?		
4.5	For rides with check points away from the ride base, was a treating veterinarian and emergency equipment/medication available at each check point to apply immediate treatment in case of metabolic crises? / By ritte met kontrolepunte weg van die ritbasis, was daar 'n behandelingsveearts met noodtoerusting/ medikasie beskikbaar by elke kontrolepunt om noodbehandeling toe te pas in geval van metaboliese krisisse?		

4.6	Was there a farrier in attendance? / Was daar 'n hoefsmid beskikbaar?	Yes / Ja	No / Nee
4.7	Were other ancillary services (eg. Physiotherapists) available? / Was enige ander aanvullende dienste (bv. Fisioterapeute) beskikbaar? If so, did they contact you prior to the ride to obtain permission to work at the ride? / Indien wel, het hul vooraf met jou geskakel om toestemming te kry om by die rit te werk?		
4.8	Comments / Kommentaar		

5. Passport control / Paspoortkontrole

5.1	Total number of horses competing / Aantal perde wat deelgeneem het	
5.2	Number of passports showing errors in the identification of the horse / Aantal paspoorte met foute met die perd se beskrywing	
5.3	Number of passports with problems regarding immunisation / Aantal paspoorte met probleme rakende immunisasie	
5.4	Were the above horses allowed to compete? / Is bostaande perde toegelaat om deel te neem?	
	Comments / Kommentaar:	

6. Medication control / Medikasiebeheer			
6.1	Were samples collected from horses for the purposes of medication control ("dope testing")? / Is monsters van perde geneem vir die doel van medikasiebeheer ("dope testing")	Yes / Ja	No / Nee
	If YES, please complete question 6.2 to 6.5 as well. If NO, please ignore question 6.2 to 6.5. / Indien JA, voltooi asb vraag 6.2 tot 6.5 ook. Indien NEE, ignoreer as vraag 6.2 tot 6.5.		
6.2	How were the horses selected? / Hoe is die perde gekies?		
6.3	Name of veterinarian who collected the samples: / Naam van veearts wat die monsters geneem het:		
6.4	To your knowledge have any entered horses received medication either in the last two weeks before or during the ride meet? Het enige perde volgens jou wete gedurende die laaste twee weke voor of gedurende die ritbyeenkoms behandeling ontvang?	Yes / Ja	No / Nee
	If yes, please attach the medication forms/ETUE to this report. / Indien wel, heg asb die toepaslike medikasievorms/ETUE aan by hierdie verslag.		
6.5	Comments / Kommentaar		

7. Contact with other officials / Kontak met ander beamptes			
7.1	Was there a satisfactory contact with / Was daar genoegsame kontak met:	Yes / Ja	No / Nee
	Ride Master (during the ride meet) / Ritmeester (gedurende die ritbyeenkoms)		
	Organisers (before and during the ride meet) / Organiseerders (voor en gedurende die ritbyeenkoms)		
7.2	Comments / Kommentaar:		
8. General Comments / Algemene Kommentaar			

8.1	Give a short comment on your general impression of the event / Gee asb jou algemene indrukke rakende die rit:

9. Statistics / Statistiek		
9.1	Were any horses not allowed to start the ride (for veterinary reasons), and if so, how many? / Is enige perde weens veeartsenykundige redes nie toegelaat om met die rit te begin nie, en indien wel, hoeveel?	Number / Aantal
	Wat was die rede(s)? / For what reason(s)?	
9.2	Number of horses started / Aantal perde wat weggespring het	Number / Aantal
9.3	Number of horses finished / Aantal perde wat die rit voltooi het	
9.4	Number of horses eliminated at / Aantal perde geëlimineer by	
	Vet Gate/Check / Hek/Beheerpunt 1	
	Vet Gate/Check / Hek/Beheerpunt 2	
	Vet Gate/Check / Hek/Beheerpunt 3	

	Vet Gate/Check / Hek/Beheerpunt 4	
	Vet Gate/Check / Hek/Beheerpunt 5	
	Finish / Eindpunt	
	On course / Op die baan	
9.5	Reasons for elimination:	
	Diagnosis / Diagnose	Number/ Aantal
	A. Lameness / Mankheid	
	B. Metabolic / Metabolies	
	C. Thumps / Bonsing	
	D. Exertional rhabdomyopathies / Uitputting spiermiopatieë	
	E. Dehydration / Dehidrasie	
	F. Non-recovery (high pulse) / Nie-herstel (hoë pols)	
	Comments (please comment on any observations made regarding eliminations, especially if these can be related to aspects of the course/organisation of the ride) / Kommentaar (lewer asseblief kommentaar op waarnemings gemaak rakende eliminasies, veral as dit aspekte van die baan/organisasie van die rit raak)	
9.6	Please ask the treatment veterinarian(s) to complete the treatment report as in Appendix A hereto, and submit the completed treatment report with your report. / Vra asb die behandelingsveearts(e) om die verslag soos in Aanhangsel A hiertoe in te vul, en dien die voltooide behandelingsverslag saam met jou verslag in.	

10. FOLLOW-UP AND SUGGESTIONS / OPVOLG EN VOORSTELL

10.1	Should any aspect be *followed-up* with the Organisers? / Moet enige aspekte met die organiseerders opgevolg word?	Yes / Ja	No / Nee
10.2	If yes: Please briefly describe the issue(s) to be followed up / Indien wel, gee asseblief 'n kort beskrywing van die aspek wat opgevolg moet word		

10.3	Do you have any additional recommendations for *future improvements* to the event? / Het jy enige voorstelle ter verbetering van die rit in die toekoms?	Yes / Ja	No / Nee
10.4	If yes: Please give a short description of the suggested improvements. / Indien wel, gee 'n kort beskrywing van die voorgestelde verbeterings		

PLEASE SUBMIT THE REPORT VIA EMAIL to officeerasa@telkomsa.net to facilitate the administration and to protect the environment. STUUR ASB DIE VERSLAG PER EPOS na officeerasa@telkomsa.net om administrasie te fasiliteer en die omgewing te beskerm.

The following must be sent with the report/ Die volgende moet saam met hierdie verslag ingedien word:

1. **ERASA Medication forms/ETUE (refer 6.4 above) / ERASA Medikasievorms/ ETUE (verwys 6.4 hierbo) - only if samples for medication contol were collected / slegs indien monsters vir medikasiebeheer geneem is**
2. **Completed Treatment Report (refer Appendix A to this report) / Voltooide Behandelingsverslag (verwys Aanhangsel A tot hierdie verslag)**

TREATMENT REPORT / BEHANDELINGSVERSLAG	
1	Please give a short description of all treatments / Gee asb 'n kort beskrywing van alle behandelings

2. Horses treated / Perde behandel

Ruiter / Rider	**Horse's Name / Naam van Perd**	**UV Nr**	**Diagnosis/Reason for Treatment / Diagnose/Rede vir Behandeling**	**Treatment admnistered / Behandeling gegee**	**Remarks / Opmerkings**

Rider / Ruiter	Horse's Name / Naam van Perd	UV Nr	Diagnosis/Reason for Treatment / Diagnose/Rede vir Behandeling	Treatment admnistered / Behandeling gegee	Remarks / Opmerkings

Rider / Ruiter	Horse's Name / Naam van Perd	UV Nr	Diagnosis/Reason for Treatment / Diagnose/Rede vir Behandeling	Treatment admnistered / Behandeling gegee	Remarks / Opmerkings

AANHANGSEL B TOT HOOFSTUK 8

UITHOURITVERENIGING VAN SUID AFRIKA **INENTINGSREKORD VIR PERDE** **Hierdie inentingsrekord mag slegs gebruik word vir perde waarvoor 'n paspoort nog nie uitgereik is nie (m.a.w. perde wat ingeskryf word vir afstande van tot en met 40 km), en mag nie gebruik word in die plek van 'n paspoort nie.**	
NAAM VAN PERD	**RAS**
GESLAG	**KLEUR**
BESKRYWING VAN MERKE – GEBRUIK HOOFLETTERS EN BLOKSKRIF EN VOLTOOI OOK DIE DIAGRAM	
KOP	
NEK	
LINKSVOOR	
REGSVOOR	
LINKS AGTER	
REGS AGTER	
LYF	
VERWORWE (BRANDMERKE/VRIESBRANDMERKE EN PERMANENTE LITTEKENS)	

OUTLINE DIAGRAM



INENTINGSREKORD – SLEGS PERDEGRIEP

1. Detail van alle perdegriep inentings wat toegedien is moet aangeteken word.
2. ‘n Aanvanklike inentingsreeks (‘n eerste inenting, gevolg deur ‘n tweede tussen drie weke en drie maande na die eerste) aan alle perde wat akteif aan uithouritte deelneem, toegedien word, gevolg deur ‘n inenting elke ses maande.
3. Perde waarvoor ‘n paspoort uitgereik is moet deur ‘n veearts ingeënt word. Dit word aanbeveel dat alle ander perde ook deur ‘n veearts ingeënt word.

Datum			Tipe, Naam en Lotnommer van die entstof	Naam en adres van person wat die inenting toegedien het (in drukskrif)	Handtekening van person wat die inenting toegedien het (en stempel, indien deur ‘n veearst toegedien)
DD	MM	YY			

INENTINGSREKORD – SLEGS AFRIKA PERDESIEKTE

1. Detail van alle inentings teen AFrika PErdesiekte wat toegedien word, moet aangeteken word.
2. Perde moet verkieslik gedurende die periode 01 Julie en 31 Desember van elke jaar ingeënt word, of andersins met tussenposes wat nie twaalf maande oorskry nie.
3. Perde waarvoor ‘n paspoort uitgereik is, moet deur ‘n veearts ingeënt word. Dit word aanbeveel dat alle ander perde ook deur ‘n veearts ingeënt word.

Datum			Tipe, Naam en Lotnommer van die entstof	Naam en adres van person wat die inenting toegedien het (in drukskrif)	Handtekening van person wat die inenting toegedien het (en stempel, indien deur ‘n veearst toegedien)vccccccc
DD	MM	YY			
			AHS I		
			AHS II		
			AHS I		
			AHS II		
			AHS I		
			AHS II		
			AHS I		
			AHS II		
			AHS I		
			AHS II		

AANHANGSEL C

TOT HOOFSTUK 8

VEEARTSKAART
DATUM :

NOMMER	PERD	KLEUR
	GESLAG	
	RUITER	

AFSTAND WAARVOOR INGESKRY		Pols KHI	Slymvliese	Hidrasie	Kapillêre Hervul	Dermklanke	Buikgord, kloof en rug	Beweging	Habitus	Opmerkings	Veeaarts Handtekening
Voor-rit ondersoek											
HEK/ KONTROLEPUNT 1	Eerste Inspeksie										
	Her-Inspeksie										
	Her-Ondersoek										
HEK/ KONTROLEPUNT 2	Eerste Inspeksie										
	Her-Inspeksie										
	Her-Ondersoek										
Finale Inspeksie											

Eliminasie		Mank	Metabolies	Oor tyd	Uitgetree / Onttrek	Ander redes	Veearts Handtekening

Neem asb. kennis dat hierdie kaart by ritte oor drie bene gebruik word. Vir langer ritte word die Engelse weergawe van die kaart soos hieronder gebruik.

VETERINARY CARD
DATE :

NUMBER	HORSE	COLOUR
	SEX	
	RIDER	

DISTANCE ENTERED FOR		Pulse CRI	Mucous Membranes	Hydration	Capillary Refill	Gut Sounds	Girth Withers,	Motion	Habitus	Remarks	Vet' s Signature
Pre-Ride Inspection											
VET GATE 1	First Inspection										
	Re-Inspection										
	Re-Examination										
VET GATE 2	First Inspection										
	Re-Inspection										
	Re-Examination										
VET GATE 3	First Inspection										
	Re-Inspection										
	Re-Examination										

VET GATE 4	First Inspection										
	Re-Inspection										
	Re-Examination										
VET GATE 5	First Inspection										
	Re-Inspection										
	Re-Examination										
Final Inspection											

Elimination		Lame	Metabolic	Overtime	Retired/ Withdrawn	Other Reasons	Vet's Signature



Die diagram van die perd word agterop alle veeartskaarte gedruk sodat veeartse letsels op die diagram kan aandui.

AANHANGSEL D

TOT HOOFSTUK 8

ERASA BES VOORBEREIDE PERD TELLINGKAART (HEK TYDHOUSTELSEL)

Naam van Rit/Plek/Datum	

Naam van Perd		Afstand	
Naam van Ruiter		Ruiternommer	

1. HERSTEL-INDEKSTELLING

Tyd geneem om aan te bied	
VH1	
VH2	
VH3	
VH4	
VH5	
Gemiddeld	

Gemiddelde tyd in minute	Punte toegeken	Gemiddelde tyd in minute	Punte toegeken
1 - <2	20	7 - <8	10
2 - <3	19	8 - <10	8
3 - <4	18	10 - <13	6
4 - <5	16	13 - <16	4
5 - <6	14	16 - <19	2
6 - <7	12	19 – 20	0

TELLING 1	

2. HARTTEMPOTELLING (Kardiese herstelindeks)

Verskil in polstempo voor en nadat perde gedraf het

	Voor	Na	Verskil
VH1			
VH2			
VH3			
VH4			
VH5			
Gemiddeld			

Gemiddelde verskil	Punte toegeken	Gemiddelde verskil	Punte toegeken
- 5	20	+ 1	12
- 4	19	+ 2	10
- 3	18	+ 3	8
- 2	17	+ 4	6
- 1	16	+ 5	4
0	14	> + 5	0

TELLING 2	

3. FINALE RYTYDTELLING

Die ruiter met die beste rytyd kry 30 punte. Vir die volgende ruiters word een (1) punt afgetrek vir elke twee minute wat hul stadiger was as die vinnigste ruiter (m.a.w. indien die tweede ruiter 8 minute stadiger as die vinnigste ruiter gery het, word 4 punte afgetrek, indien die volgende ruiter twintig minute stadiger as die vinnigste ruiter gery het word tien punte afgetrek, ens, totdat die ruiter wat 60 minute stadiger as die vinnigste ruiter gery het, geen punte kry nie).	TELLING 3

4. RUITERGEWIGTELLING

Die swaarste ruiter kry 20 punte. Vir die ander ruiters word een (1) punt afgetrek vir elke kilogram wat die ruiter ligter ingeweeg het (m.a.w. indien die naas-swaarste ruiter 4kg ligter ingeweeg het as die swaarste ruiter, word 4 punte afgetrek, en ’n ruiter wat 20kg of meer ligter was as die swaarste ruiter kry dan 0 punte.	TELLING 4

5. METABOLIESE TELLING

Velvou		Kapillêre Hervul		Slymvliese		Dermklanke	
Sekondes	Punte	Sekondes	Punte	Gradering	Punte	Gradering	Punte
1	10	1 – 2	10	A	10	Normaal	10
2	7.5	2 – 3	7.5	B	7.5	Effens verlaag	7.5
3	5	3 – 4	5	C	5	Matig verlaag	5
4	2.5	4 – 5	2.5	D	2.5	Erg verlaag	2.5
Telling		Telling		Telling		Telling	

Totale telling | | Gedeel deur vier (4) = | TELLING 7 |

6. LETSELTELLING

Gradering	Bek	Gord, rug, saal	Ledemate
Geen letsels	10	10	10
Effense letsels	7.5	7.5	7.5
Matige letsels	5	5	5
Erge letsels	Elimineer	Elimineer	Elimineer
Telling			

Totale telling | | Gedeel deur drie (3) = | TELLING 8 |

7. MANKHEIDTELLING

Normaal	Effens ongelyk	Nie konstant mank nie	Mank	
30	20	10	Elimineer	TELLING 5

8.KWALITEIT VAN BEWEGING

Houding (Algemene Voorkoms, Habitus, Belnagstelling in omgewing)				Telling
10	8	6	4	

Aksie (Gewilligheid om te draf, Ritme, Dryf,)				Telling
10	8	6	4	

Tel die twee telling bymekaar om ’n totale telling uit 20 te kry

TELLING 6	

GROOTTOTAAL

	ASPEK	MAKSIMUM	TOEGEKEN
TELLING 1	GLIPTYD	20	
TELLING 2	KARDIESE HERSTEL	20	
TELLING 3	RYTYD	30	
TELLING 4	RUITERGEWIG	20	
TELLING 5	METABOLIES	10	
TELLING 6	LETSELS	10	
TELLING 7	BEWEGING	30	
TELLING 8	KWALITEIT VAN BEWEGING	20	
GROOTTOTAAL		**160**	